Gemeenskapsanaliese-verslag

1.Inleiding
2. Historiese ontwikkeling van Uitenhage
3. Toekomstige ontwikkeling
4. Spesifieke Nood
5. Hulpbronne en Gawes in die gemeenskap
6. Bronnelys

1. Inleiding

Uitenhage se kleurvolle geskiedenis strek oor meer as 200 jaar. Die doel van hierdie verslag is nie om 'n historiese oorsig te gee nie, maar hoogstens enkele insidente uit te lig wat die gang en rigting van baie mense se lewens oor die tydperk beinvloed het en steeds beinvloed en wat as rigtingwysers kan dien vir die kerk se betrokkenheid in die toekoms. Die huidige scenario asook toekomstige ontwikkeling kan verdere riglyne bied en dit word slegs oorsigtelik behandel. Hierdie word as 'n werksdokument beskou. Insette word verwelkom.

2. Historiese ontwikkeling van Uitenhage

2.1 Ontstaan van die dorp

Die dorp het sy ontstaan gehad na aanleiding van vryburgers wat hulle hier kom vestig het. Met 'n geskiedenis van ontbering en met 'n hoop op 'n beter toekoms voor hulle, het verskeie vryburgers al verder vanaf Kaastad die Oos-Grens verken. Alhoewel ander voor hulle reeds die uithoeke verken het was dit 4 vryburgers, waarvan Gert Scheepers die bekendste was, wat die binneland verder verken het en 'n toekomstige blyplek hier vir hulle gesinne kon visualiseer. Die aanhaling uit een van die geskiedenisboeke oor Uitenhage som dit mooi op: "They patiently cut their way through the bush , and at length found themselves on the summit of Red Hill. The scene that opened out before the spectator as he stands upon the rise is one of placid beauty, and one can easily imagine how the eyes of the travellers glistened when it suddenly bursted upon their view. The sparkling river, unpolluted in those days by the woolwasheries which were destined to be erected on its western banks, was carefully explored for miles in either direction, and the valley was discovered to be fertile, and possessed of great possibilities both for stock and cereal." Die vryburgers het op grond van hulle ontdekking besluit om toestemming by Goewerneur Van der Graaff te kry om permanent te vestig in die gebied. Voor hulle teruggekeer het Kaap toe het hulle elkeen vir hulle 'n deel uitgemerk waarop hulle wou kom vestig. Die gedeelte wat deur Gert Scheepers uitgemerk is sou die stuk aarde word waarop Uitenhage sy onstaan sou vind.

Uitenhage versinnebeeld vandag nog vir baie mense presies dieselfde wat dit vir daardie groepie vryburgers gedoen het in 1790. Tydens hulle terugkeer en met die nodige dokumentasie in hulle sakke het begenoemde skrywer hulle terugkoms as volg gevisualiseer: "What would have been their thoughts could they but have pierced the veil of a hundred years and have seen, in place of the sullen bush which covered the earth from the river bank to the slopes of Cannon Hill, the broad, well-made streets, the noble trees, the comfortable houses and stately mansions, the

churches and stores, the public halls and offices and the ever growing loco shops, the network of railway lines, and all the various factories that have gone to make this the seventh biggest town in the Cape Colony today."

Dit was eers 15 jaar later in 1805 dat Uitenhage amptelik geproklameer is. Die dorp is vernoem na Jacob Abraham Uitenhage De mist, wat op daardie stadium Kommissaris-Generaal van die Betaafse Republiek aan die Kaap was. Hoekom die dorp na hom vernoem was, is nie baie duidelik opgeteken in die geskiedenis boeke nie. Hy het nooit in die distrik gebly nie en het slegs 'n eenmalige besoek aan die streek gebring. De Mist, soos hy na verwys is het 'self 'n roemryke geskiedenis gehad wat heelwat leesstof bied vir 'n ander geleentheid. Wat hier gesê kan word is dat hy 'n regsgeleerde van beroep was, uiters slim en begaafd was en grootliks verantwoordelik was vir die grondlegging van die Roemeins Hollandse Reg in ons land se regsgeskiedenis. Sy veblyf aan die Kaap was kortstondig maar hy het in die tyd 'n groot invloed gehad in die vorming van die staat en regstelsel. Alhoewel dit gebruik was om dorpe na Gowerneurs te vernoem bly dit interresant hoekom hierdie dorp, die enigste een in die werêld, juis na hom vernoem is.

Kort na die stigting van die dorp in 1805 is die eerste Drosdy gevestig, die 7e in die regsgebied van die Betaafse Republiek na Graaff Reinet. Dit het die setel geword van die reg en geregtigheid vir die afsienbare toekoms waarvan die grense gestrek het tot teen die Sondagsrivier en later veel verder na aanleiding van die vestiging van nuwe Veld Kornette, onderafdelings van die plaaslike Drosdy.

1.2 Geskiedenis van die eerste kerk.
Een aspek uit die vroeë geskiedenis, en wat vir die doel van hierdie analise insiggewend was, was die vestiging van die eerste kerk. Die geskiedenis van die onstaan van die eerste kerk en ook die ander kerke is goed gedokumenteer, wat daarop dui dat die kerk reg van die ontstaan van Uitenhage 'n groot impak op die gemeenskap gehad het. Die kerk was reg van die begin af een van die steunpilare in die gemeenskap en het baie van die daaglikse aktiwiteite daar rondom gewentel.

Die eerste kerk wat in Uitenhage gevestig is, was dan ook die NG kerk, wat op daardie stadium onder die gesag van die regering gestaan het, en gevolglik as 'n staatskerk beskou was. Dit was dan ook die gebruik dat alle belangrike besluite van die destydse kerkraad deur die regering bekragtig moes word alvorens daaraan uitvoering gegee kon word. Dit het ingesluit die aanstelling van predikante, die oprigting van geboue ensovoorts, 'n baie lang en uitgerekte proses in daardie tyd. Die aanstelling van kerkraadslede moes deur die plaaslike landros bekragtig word, wat ook self op die kerkraad gedien het. Die eerste kerkraadsvergadering het plaasgevind op 11 Desember 1817 en bestaan die notule van die vergadering volgens geskiedkrywers steeds in die argiewe van die kerk in Kaapstad. Die geskiedenis van die oprigting van die eerste kerkgebou, wat vandag bekend is as Moedergemeente, is goed bekend vir die lang uitgerekte stryd en hofsake tussen die kerkraad en bouer wat later in die Appélhof in Kaapstad besleg is, ten gunste van die kerkraad. Die eerste gebou, waarvoor die oprigting daarvan in 1817 goedgekeur is, is uiteindelik op 9 September 1843 ingewy.

Hierdie stukkie geskiedenis neem egter niks weg van die geestelike impak wat die NG kerk in die tyd, en later ander kerke in die dorp gehad het nie. Die NG Moederkerk was vir feitlik honderd jaar alleen verantwoordelik vir die bediening van NG lidmate in Uitenhage en in die res van die gebied wat onder die gesag van die plaaslike Drosdy gestaan het. Moedergemeente was dan ook verantwoordelik vir die totstandkoming van verskeie ander gemeentes in en rondom Uitenhage en selfs verder, onder andere die eertste gemeente in Port Elizabeth (1907), Loerie (1938), Despatch (1941), Noord , Oos en De-Mist (1950), Kanonheuwel (1959) en Winterhoek (1971).

2.3 Industriële Ontwikkeling van Uitenhage.

Uitenhage was en is nog steeds bekend as 'n nywerheidsdorp. Die industrie wat hierdie definisie aan Uitenhage ontleen het en wat die rigting aangedui het vir toekomstige nywerheidsontwikkeling was die wolwassery wat sy ontstaan gehad het in 1845. Die skoon en groot hoeveelheid water van die Swartkopsrivier was die ideale omgewing vir die vestiging van die industrie. Daarmee saam het die vooruitgang van die wolboerdery in die binneland die ontstaan daarvan verdere stukrag gegee. Oor die jare het die industrie deur verskillende fases van vooruitgang an agteruitgang gegaan, maar is tot op hede steeds gevestig, waar dit oorspronklik ontstaan het. Verskeie van die bekende vanne in Uitenhage is ontleen aan persone wat oor die jare verbonde was aan die industrie. Dit was dan ook die industrie en die gevolglike vraag na 'n padvervoerdiens na Port Elizabeth se hawe wat tot die totstandkoming van die Uitenhage/Port Elizabeth treinspoor gelei het. Aanvanklik is die gewaste wol met waens per pad vervoer al langs die noorde kant van die Swartkopsrivier tot by 'n pont laer af in die rivier en weer verder aan die suidekant tot in Port Elizabeth. Later is 'n brug gebou wat as 'n tolhek bedryf is, seker die eerste en tot dusver enigste tolhek in die Oos-Kaap.

Ook die ontstaan van die eerste treinspoor tussen Uitenhage en Port Elizabeth is goed gedokumenteer en bied interresante leesstof. Gedurende 1871 is 'n privaatmaatskappy gestig wat begin het om die spoor te bou en is die spoorlyn op 21 September 1875 geopen, ook nie sonder drama nie. Afgesien daarvan dat hierdie spoorlyn baie probleme opgelos het, het dit die weg gebaan vir die ontstaan van die spoorweg werkswinkels, opsigself weer 'n volgende hoofstuk in die ontwikkeling in Uitenhage. Die werkswinkels het sy ontstaan gehad in 1876 nadat die werkswinkels in Noord-Einde te klein geword het. Die werkswinkels en die gevolglike ontwikkeling van vakmanne het gesorg dat Uitenhage oor baie jare, en vandag nog van die beste vakmanne in die land opgelewer het. Die werkswinkels het bekendheid verwerf vir die hoë kwaliteit van diens. Sedert 1977 is die industrie gevestig by Transnet se perseel te Cuyler Manor.

'n Volgende hoofstuk in die ontwikkeling in die industrïele ontwikkeling van Uitenhage is geskryf met die vestiging van die Goodyear fabriek. Uitenhage is gekies deur 'n afvaardiging van die maastskappy in Amerika nadat hulle besoek aan Oos-Londen op niks uitgeloop het nie omdat die burgermeester vergeet het om sy af-

spraak met hulle na te kom. Uitenhage is bo Port Elizabeth verkies omdat grond gratis deur die Munisipaliteit beskikbaar gestel is en ook omdat dit 'n minder roesvrye omgewing was. Die fabriek is amptelik geopen op 16 Junie 1947. Dit was in dieselfde tyd wat Volkswagen SA sy ontstaan gehad het. Die stukkie gskiedenis is ook goed bekend en vorm VW vandag die kern waarom die industrie in Uitenhage draai. Dit is dan sekerlik ook VW wat Uitenhage bekendheid laat verwerf het, die res van SA assosieer Uitenhage met VW.(Beetle-city)

2.4 Demografiese Ontwikkeling van Uitenhage

Die demografiese samestelling van Uitenhage het sedert sy ontstaan baie veranderings ondergaan en was daar van tyd tot tyd insidente wat 'n groot impak daarop gehad het. Industriële en politieke ontwikkelinge was die vernaamste hiervan. Beide hierdie faktore het Uitenhage se samestelling oor die jare beïnvloed deurdat industriële ontwikkeling gelei het tot die vestiging van meer mense en politieke ontwikkeling gelei het tot die geografiese verskuiwing van 'n groot deel van die inwoners. Tydens die eerste sensus van die inwoners wat in 1865 gedoen is, het hier slegs 3 342 mense gebly met omtrent 'n gelyke verdeling tussen die verskillende rassegroepe. Teen 1911 het die bevolking tot 11 573 inwoners toegeneem waarvan 6237 Blank was en die res ander rassegroepe verteenwoordig het met 'n vergelykende verdeling tussen Swart en Bruin mense. Teen 1951 was daar 38 709 inwoners. Vir 'n tydperk van 150 jaar het die vestiging van inwoners in bepaalde geografiese areas min of meer spontaan plaasgevind met die drie dominante rassegroepe wat elk hulle eie geografiese gebiede bewoon het. Blankes het in die sentrale, oostelike en noordelike dele gewoon, Swart mense in die westelike deel wat vandag bekend is as Kabah en Bruin mense in die suid-westelike deel van Uitenhage. Daar was ook gebiede waar beide Swart en Bruin mense gebly het. Dit het egter alles verander as gevolg van die nou bekende politieke denkrigtings wat gely het tot die formulering van die Groepsgebiedewet van 1950 en die gevolglike verskuiwing van groot getalle mense. Dit het 'n tydvak van amper 40 jaar ingelei van ingewikkelde beplanning, spanningsvolle onderhandelings en die ontwrigting van baie mense se lewens. Gedurende die laat sestigerjare is begin met die verskuiwing van inwoners vanuit Kabah. Meer as 20 000 mense se lewens is hierdeur geraak. Swart inwoners is verskuif na KwaNobuhle en Bruin inwoners na Thomas Gamble, Rosedale, Gerald Smith and Blikkiesdorp. Gedurende die middle tagtiger jare is 'n verder groep Swartmense verskuif uit die area wat vandag bekend is as Langa. Die groep was aansienlik groter en die verskuiwing het met heelwat meer ongelukkigheid gepaard gegaan. Ongeveer 50 000 mense se lewens is hierdeur geraak en die verskuiwing het gelei tot een van die ongelukkigste insidente in Uitenhage se geskiedenis, die "Langa Shootings" van 1985.

Die tegniese detail van hierdie verskuiwings is vir die doeleindes van die verslag nie belangrik nie. Wat wel belangrik is, is die geestelike, emosionele en maatskaplike impak wat dit op inwoners se lewens gehad het. Uit gesprekke met inwoners wat of in die areas gebly het, of daar naby gebly het, blyk dit dat die gebeure nog vars in hulle geheue is. Die negentigjare het 'n periode ingelei van politieke stabiliteit waar mense toegelaat is om te bly waar hulle wil. Patrone van waar inwoners van verskillende rassegroepe gekies het om hulle te vestig het nie veel verander nie en was

daar eers die afgelope paar jaar tekens van 'n verandering. Dat daar wel 'n demografiese verskuiwing van ander rassegroepe plaasvind na areas wat tradisioneel deur Blankes bewoon is, is baie opsigtelik. Dit is dikwels uitgebreide gesinne of meer as een gesin wat in 'n enkel woning intrek. Die implikasies daarvan is dat die bevolkingsdigtheid in gevestigde woongebiede aan die toeneem is.

Huidige inwonergetalle van Uitenhage kon nie presies vasgestel word nie, maar word geraam op tussen 350 000 en 400 000, waarvan ongeveer 35 000 Blanke inwoners is, 75 000 Bruin inwoners is en die res Swart inwoners is. Die Indïer inwoner getal word op 'n paar duisend geskat. Die huidige totale inwoner getal van die Metro word op 1 177 900 geraam. Die totale inwoner getal teen 2010 word op 1 243 930 geraam.

3. **Toekomstige Ontwikkeling van Uitenhage**

Twee betekenisvolle dokumente wat deur die Munisipaliteit gedurende November 2007 vrygestel is, is die "Draft Metropolitan Spatial Development Framework" en die "Urban Edge Review Project Incorporating Rural Land use Management Policy and Urban Densification Guidelines". Beide hierdie dokumente bied insig in die toekomstige ontwikkelings wat vir die Metro beoog word en sluit alle fasette van ontwikkeling in. Wat duidelik uit die verslae blyk is dat die Munisipaliteit 'n goed omlynde visie het vir die ontwikkeling van die Metropool oor die volgende 10 tot 15 jaar en dat hulle bewus is van die tekortkomings en uitdagings in die implementering daarvan. Onlangse media berigte oor ontwikkelings reflekteer dan ook praktiese implementering daarvan. Een voorbeeld hiervan was die bohaai wat inwoners aangrensend aan groen sones opgeskop het oor die beplande ontwikkeling van die sones in lae koste behuisings areas, een van die oogmerke soos uiteengesit in bogenoemde dokumente. Die implikasies van hierdie en ander ontwikkelings is dat dit op een of ander manier ons lewens gaan beïnvloed en sou dit wys wees om bekend te raak met die detail daarvan. Twee van die ontwikkelings areas wat vir die doeleindes van hierdie verslag belangrik is is die ekonomiese en residensiele ontwikkeling wat vir die Metro beplan word.

In terme van beide hierdie areas is daar enkele aspekte wat vermelding verdien. In terme van residensïele ontwikkeling word daar op die kort termyn verdere ontwikkelings beplan in die area van Winterhoek Park, ten noorde van Hex Rivier Weg. Ander uitbreidings op die kort termyn word beplan vir Greenfields, Kamesh en die periferie van KwaNobuhle. Op die langtermyn is die residensiële beplanning vir die ontwikkeling van Lapland tot teenaan Groendal, die ontwikkelling van die gebied ten noorde van Hendrik Verwoerd Rylaan. Ander langtermyn ontwikkelings sluit in die uitbreiding van Bethelsdorp tot teenaan KwaNobuhle.

In terme van nywerheidsontwikkeling is beskikbare grond vir verdere ontwikkeling in Uitenhage feitlik uitgeput. Daar is wel ontwikkelingsmoontlikhede vir klein en medium besighede. Wat die res van die Metro betref is die volgende persentasies van grond wat reeds oor dienste beskik, en beskikbaar is vir nywerheidsontwikkeling as volg: Markman 12%, Coega IDZ 87% en Perseverance 20%. Goeie nuus op die

langtermyn is dat gebiede ten noorde en aangrensend aan die huidige "Automotive Industrial Park" bekend as Jagtvlakte, verder ontwikkel gaan word. Die huidige perseel beslaan slegs 7% van die totale ontwikkeling wat 'n idee gee van die grootte van toekomstige ontwikkelings aangrensend aan Uitenhage. Dit is egter op die langtermyn.

Hierdie feite in ag genome beteken dat die inwoner getal van Uitenhage oor die volgende 5 tot 15 jaar aansienlik gaan toeneem, maar dat dit nie noodwendig gaan beteken dat werksgeleenthede gaan toeneem nie. Realisties gesproke is dit onwaarskynlik dat dit gaan gebeur.

4. Spesifieke Nood

4.1 Armoede/Werklooshied
Persoonlike ervaring deur waarneming van wat rondom ons aangaan bly steeds een van die beste wyses om bewus te word van mense se nood. In Uitenhage is blootstelling aan die nood rondom ons feitlik op almal se voorstoep en nie meer beperk tot besoeke aan plekke waar behoeftige mense bly nie. Statistiek help egter om die breë prentjie te sien en vir ons om beter te verstaan wat op ons voorstoepe aangaan.

Verskillende bronne van inligting is beskikbaar van nasionale, provinsiale en plaaslike regering en ook van privaat instansies. Die syfers verkry van die laaste amptelike sensus van 2001 bly steeds die maatstaf. Die volgende sensus vind eers in 2011 plaas waarvan die resultate eers heelwat later beskikbaar gaan wees.

Werkloosheidsyfer in die Oos-kaap:
Die amptelike werkloosheidsyfer vir Suid-Afrika is 26,7% en vir die Oos-Kaap 29,6%. Hierdie syfers geld vir alle mense tussen die ouderdom van 15 en 65 jaar ongeag ekonomiese status en geslag. Wat betref die ekonomies aktiewe bevolking maak hierdie deel van die bevolking 49,3% van die totale bevolking van die Oos-Kaap uit. Met ander woorde 49,3% van alle mense in die Oos-Kaap kan werk. Van hierdie groep werk egter slegs 39,7%, en die res 60,3% werk glad nie. Hieruit kan verskeie afleidings gemaak. Vir die doeleindes van die verslag is dit belangrik om kennis te neem van die hoeveelheid mense wat glad nie werk nie.

Inkomste in ouderdom van werkende mense in die Metropool:
Die gemiddelde ouderdom van werkende mense in die Oos-kaap is 39 jaar en die van werkloses 31 jaar wat daarop dui dat die werklose groep hoofsaaklik jongmense is met die gemiddelde persentasie werkloses per ouderdomsgroep wat al hoe hoër word hoe jonger hulle is. Die gemiddelde inkomste van werkende mense in die Metro is R2438,17 per maand *voor enige aftrekkings*. Persone wat tussen R500 en R1000 per maand verdien maak die grootste persentasie van die werksmag uit naamlik 28,3% terwyl 11,9% tussen R1000 en R1500 per maand verdien en 16,8% tussen R1500 en R2000. Slegs 1,7% verdien meer as R10000 en 0,2% meer as R20000 per maand. 79,1% van alle hiushoudings in die Metro verdien 'n toelaag terwyl die gemiddelde inkomste per huishouding R1582,25 per maand is. Dit bete-

ken dat daar ten minste een of ander inkomste is. Let wel die syfer is per huishouding en nie per persoon nie. Dit dui ook daarop dat die verskillende toelaes en die regering se beleid daar rondom effektief is om te verhoed dat mense van hongersnood sterf. Ons persoonlike belewenis is dat baie mense van alle ouderdom sterf as gevolg van siektes maar dat ons nog nooit ervaar het dat mense van honger sterf nie, 'n toestand wat elders in Afrika voorkom.

Aangeheg is 'n tabel wat die gemiddelde inkomste weerspieël van werkende persone. Hierdie tabel verklaar hoekom die gemiddelde inkomste so laag is. Twee ander tabelle wat interresante inligting gee en aangeheg is, is die oor die tipe vervoer wat mense gebruik en die bron van energie wat gebruik word vir kookdoeleindes. 80% van inwoners beskik nie oor hulle eie vervoer nie en is ook dit duidelik volgens die tabel. Verder weerspieël die tabel ook dat die meerderheid van mense afhanklik is van paraffien vir kookdoeleindes.

4.2 HIV/Aids

In die geval van die voorkoms van HIV/Aids is daar verskillende bronne van inligting ondermeer die World Health Organization, nasionale, plaaslike en provinsiale regering. Syfers van die verskillende instansies stem redelik ooreen. Die maatstaf wat gebruik word en die enigste betroubare bron is, is die toetsing van swanger moeders by alle klinieke en hospitale. Dit is verpligtend vir alle swanger vrouens om hulle te laat toets. Toetsing van kinders is vrywillig met die instemming van een van die ouers of voog terwyl die toetsing van mans ook vrywillig is. Die voorkoms van HIV/Aids onder mans is daarom slegs beramings terwyl dit vir vrouens en kinders redelik akkuraat is. Aangeheg is 'n tabel wat die voorkoms van HIV/Aids aandui in die verskillende provinsies. Syfers vir die voorkoms van HIV/Aids in die Metro verskil ietwat in vergelyking met die res van die Provinsie en word beraam op 24,6% gedurende 2006. Alles in ag genome is die voorkoms van HIV/Aids 'n realiteit in ons gemeenskap en in die werkplek en word almal van ons op een of ander manier geraak. Die grooste probleem vir mense wat HIV positief is, is nie die mediese sorg nie maar wel die stigma wat daaraan kleef en die verwerping wat daarmee gepaard gaan deur die gemeenskap en families. Daar is 'n noue verband tussen die voorkoms van TB en HIV/Aids. Nie almal wat HIV positief is het egter TB nie en nie almal wat TB het is HIV positief nie, iets om in gedagte te hou.

4.3 Misdaad

Misdaad statistiek van die drie stasies in Uitenhage vir die tydperk 2002 tot 2006 is hierby aangeheg. Volgens die statistiek is daar veral wat Uitenhage stasie betref 'n beduidende afname in meeste van die kategorieë, wat verblydend is. Kategorieë waar daar 'n styging was naamlik aanrandings en huisbraak kan moontlik direk verband hou met armoede en werkloosheid. Uite persoonlike geprekke met lede van die SAPS is die grooste kommer nie misdaad nie maar wel rondlopers, boemelaars en bosslapers wat hulle op enige plek in die dorp tuismaak.

4.4 Gebrek aan dienste en gemeenskapstrukture.

Dienste wat mense op 'n gereelde basis gebruik soos onder andere beskermings-

dienste en gesondheidsorg is goed gevestig in alle gemeenskappe en relatief maklik toeganklik, met ander woorde binne reikafstand. Uit gesprekke met mense uit verskillende gemeenskappe blyk dit dat dienslewering by hierdie instansie oor die algemeen swak is. Een voorbeeld hiervan is dat mense wat dag klinieke besoek dikwels van dou voor dag moet begin tou staan om seker te maak hulle word gehelp. Sommige spandeer die hele nag voor die hek. Die probleem is dus nie soseer die afwesigheid van dienste en strukture nie maar wel die uitvoering daarvan. Dit veroorsaak baie frustrasie en ongemak by inwoners in die ander gemeenskappe. Dit geld ook vir die verteenwoordigers of raadslede van die plaaslike owerheid. In die Bruin en Swart gemeenskappe is daar 'n baie groter bewustheid van hulle rol en weet almal presies wie verantwoordelik is vir watter wyk en waar die persoon bly. Daar heers agter algemene ongelukkigheid oor hulle dienslewering in hulle wyke. Inwoners wat tevrede is met wat raadslede doen is baie skaars.

4.5 Geestelike Nood

Die hoë persentasie inwoners in SA wat Christene is, is geen aanduiding van die geestelike welstand van mense in die algemeen nie. Kerkbywoning is baie swak en kom slegs 'n baie klein persentasie van mense in die kerk. Waar mense wel gereeld kerk toe gaan speel die kerk 'n baie belangrike funksie. Dit geld vir alle gemeenskappe. Kerke is goed gevestig in alle gemeenskappe in Uitenhage. Tendense waarvoor daar nie hier empiriese bewys is nie is dat veral jongmense en mans nie kerk bywoon nie. Strategieë hoe om hulle te bereik is daarom belangrik. Mense is oor die algemeen baie ontvanklik om geestelik bedien te word en is ons ervaring dat iemand nog ooit 'n geestelike gesprek of versoek vir gebed geweier het nie.

4.6 Enkele gevolgtrekkings.

Die gemiddelde inwoners van Uitenhage gaan volgens al die gegewens waarskynlik iemand wees wat:

- nie werk nie of as hy of sy werk minder as R1500 pm gaan verdien,
- HIV postief gaan wees of 'n familielid gaan hê wat HIV positief is,
- nie oor eie vervoer beskik nie,
- parafien gaan gebruik vir kook doeleindes,
- swak dienslewering ontvang en in die algemeen baie gefrustreerd gaan wees,
- glad nie of ongereeld in die kerk kom.

5. Hulpbronne en Gawes in die Gemeenskap

Uitenhage se belangrikste bate bly sy mense potensiaal. Uit die aard van die saak verskil die dinamika daarvan in die verskillende etniese groepe. Daar is 'n egter 'n ongelooflike wil by baie mense om 'n verskil te maak deur geleenthede te skep en te benut tot voordeel van die gemeenskap. Dit verskil van hoogs georganiseerd en gestruktureerd tot baie informeel. Feitlik alle gemeenskapstrukture lewer hier 'n positiewe bydrae. Daar is 'n wil om 'n verskil te maak en daar is 'n groot mate van betrokkenheid. Dit sluit in regerings instellings, besigheid, kerke, diensorganisasies en individue.

6. Fokus Areas vir Gemeente Betrokkenheid

In die lig van begenoemde agtergrond word 'n hele paar fokus areas duidelik vir

moontlike betrokkenheid van die gemeente:

6.1 Jongmense (Jeug)
Dist sluit in jongmense in alle ouderdomsgroepe, kulture en gemeenskappe. Vernaamste probleme is: tiener swangerskappe, HIV/Aids, drank/dwelms, gebrek aan dissipline, gebrek aan toekomsvisie en lewensrigting, ywer en deursettingsvermoeë en lewensvaardighede eie aan spesifieke ouderdoms groepe. Vernaamste oorsake is gebrekkige sosiale strukture soos gesonde gesinsverhoudings, tekortkominge in die onderwys sisteem en gebrek aan geleenthede in die gemeenskap.

6.2 Kerlose Mense
- Dit sliut in mense wat dalk op 'n stadium kerk bygewoon het en deel van 'n gemeente was maar nie meer kerk toe gaan nie en geen verbintenis met 'n kerk meer het nie. Hierdie mense kom in alle gemeenskappe voor. Dikwels word na hulle verwys as "afgedwaalde skape".
- Dan is daar mense wat dalk al iewers die evangelie gehoor het maar nog nooit deel van 'n kerk was nie. Hierdie mense kom meer in ander gemeenskappe voor, veral in die Swart gemeenskap. Dit is veral mans en jongmense.
- Dan is daar mense wat nog nooit met die evangelie bereik is nie. Dit sluit in mense van ander gelowe en dan veral vlugtelinge uit ander lande soos Somalië.

Moontlike Strategieë:
Dit is moontlik om verskillende strategieë te formuleer vir elkeen van hierdie groepe, afhangende waar die gemeente betrokke wil raak. Een geleentheid om te kan benut is die uitreike wat beplan word as deel van die Sokker Werêld Beker toernooi. Die fokus daarvan is juis op jongmense hoofsaaklik in die ander gemeenskappe wat nog nie bereik is en deel van 'n kerk is nie.

6.3 Werklose Mense
Hierdie is by verre die grootste probleem in Uitenhage. Dit is egter nie net meer 'n probleem wat beperk is tot ander gemeenskappe nie en word al hoe meer sigbaar ook binne in die dorp. Werkloosheid is selde 'n verskynsel in isolasie van ander maatskaplike probleme. Dit gaan gepaard met 'n algemene lewensingesteldheid van hopeloosheid en moedeloosheid, 'n gebrek aan 'n wil om iets aan die situasie te doen en 'n afhanklikheidsmentaliteit. Hierdie is 'n komplekse probleem wat nie net bloot deur die skepping van werksgeleenthede opgelos kan word nie. Dit gaan oor die aanleer van beroeps vaardigheid sowel as die basiese vaardighede wat nodig is om jouself binne 'n sosiale konteks te handhaaf. 'n Eenvoudige gewoonte soos om vir ander respek te he, dankbaar te wees as iemand vir jou iets doen, konflik te kan hanteer ens, ontbreek dikwels.

Werklose en werkende mense kan min of meer in die volgende kategorieë ingedeel word:
- Jongmense wat geen opleiding of werksondervinding het nie.
- Jongmense wat gestudeer het maar nie 'n werk kan bekom nie.
- Mense wat afgedank is en wat reeds oor sekere beroepsvaardighede en

sosiale vaardighede beskik.
- Mense wat steeds werk, beroeps vaardighede en sosiale verdaaghede het maar laag besoldig is maar wat die potensiaal het om meer te verdien in 'n ander werk.

Mense wat hierdie kategorieë verteenwoordig gaan waarskynlik deel wees van ons gemeente, ander kerke in die dorp en ander gemeenskappe. Die volgende kategorieë verteenwoordig mense wat hopelik nie deel is van die gemeente nie maar in alle kulture en gemeenskappe aangetref word:

- Mense wat nog nooit of selde gewerk het en geen beroepsvaardighede en gebrekkige sosiale vaardighede het.
- Mense wat glad nie belangstel om te werk nie en 'n oorlas vir ander is, leeglê en totaal en al afhanklik is van ander se goedheid.

Moontlike strategieë:
Vir elkeen van hierdie kategorieë is dit moontlik om 'n bepaalde eiesoortige strategie te formuleer wat van mekaar gaan vesrkil. So byvoorbeeld gaan dit vir die eerste kategorie dalk 'n strategie insluit waar iemand 'n databasis gaan opstel van jongmense wat graag wil, die potensiaal het maar doodeenvoudig nie die fondse het om te studeer nie en daarmee saam 'n databasis opstel van instansies wat beurse bied, toegang daartoe te bekom en te beredder en moontlik addisionele donateurs te bekom. Daar is goeie voorbeelde van sulke strategieë wat werk. Ten opsigte van die laaste kategorie gaan so 'n startegie baie eenvoudig wees soos die uitdeel van sop en brood by jou voordeur of op 'n ander plek.

Belangrik vir die gemeente is om te besluit watter van hierdie kategorieë mense geteiken gaan word en dan daarvolgens 'n strategie te formuleer.

6. Bronnelys

- Rapid Assessment of Service Delivery and Socio Economic Survey in The Eastern Cape—Fort Hare Institute of Social and Economic Research, University of Fort Hare, 2006.
- Uitenhage Past and Present, Souvenir of the Centenary. 1804-1904.
- Uitenhage 200, The Garden town, Otto Terblanche, 2004.
- Nelson Mandela Bay Metropolitan Municipality, Draft Metropolitan Spatial Development Framework, NMMM, 2007.
- Urban Edge Review Project Incorporating Rural Land use Management Policy and Urban Densification Guidelines, NMMM, 2007.
- Statistics South Africa, Interactive time series database (PX Web) format.

Pierre van Wyk

Februarie 2009